

**ALGEMENE OPMERKINGS:**

- Kaartwerk moet dwarsdeur die jaar gedoen word as deel van die leerplan.
- Die memo en terugvoerverslae van die eksaminatore moet gebruik word by beplanningsvergaderings aan die begin van elke akademiese jaar.
- Opvoeders moet vorige eksamen se vraestelle en memo's bestudeer.
- Opvoeders moet kennis neem dat alle berekeninge en kaarttegnieke getoets sal word, veral nou dat daar nie meer HG en SG gaan wees nie.
- Leerders moet sleutelwoorde in vrae kan identifiseer, soos bv. groengordel.
- Leerders moet meer getoets word met vrae wat verband hou met interpretasie en redevoering, veral waar teoriekennis getoets word op 'n kaart, bv. tipe dreineringspatroon of neddersettingspatroon..
- Dit is belangrik dat leerders die puntetoekenning in ag neem as die vrae beantwoord word.
- Konsepte en terme soos *groengordel*, *dreineringspatroon*, *pyling*, ens. moet benadruk word.
- Leerders moet in volsinne beantwoord, en nie net 'n woord neerskryf nie (m.a.w. moet nie telegramstyl gebruik nie)

**VRAEGEBASEERDE KOMMENTAAR:****VRAAG 1**

Oor die algemeen goed beantwoord, maar die volgende vrae moet aandag kry:

- 1.3 Doen kaartindeks noukeurig
- 1.7 Kennis van klimaatkunde is noodsaaklik en sketskaart moet as hulp gebruik word.
- 1.9 Kandidate moet kan onderskei tussen nedersettingpatrone en nedersettingsvorme
- 1.10 Identifisering van fisiese (natuurlike) en mensgemaakte verskynsels vereis meer aandag.

**VRAAG 2**

Baie swak beantwoord. Opvoeders moet let dat berekeninge getoets sal word. Leerders moet sakrekenaars, gradeboë, ens gebruik in eksamens. Dit is 'n vereiste vir kaartwerk in Aardryskunde.

- 2.1 Leerders moet akkuraat meet. Finale antwoord moet in km wees
- 2.2 Opvoeders moet areaberekeninge noukeurig met leerders deurgaan, asook die verskillende metodes. Finale antwoord moet verwerk word na km<sup>2</sup>
- 2.3 Moet die konsep *pyling* verstaan, te veel verwys nog na rigting of ko-ordinate. Leerders moet met gradeboë werk. Leerders moet akkuraat meet. Lê klem op voorsetsels van 'n verkynsel en na 'n versynsel. Leerders het nie 180° bygetel wanneer hulle verby Suid beweeg het nie.
- 2.4 Opvoeders moet magnetiese deklinasie noukeurig met leerders doen. Let op die verskillende stappe voordat die finale antwoord gegee word.

**VRAAG 3**

- 3.1 Moet kan onderskei tussen dendritiese en traliepatrone op kaart.
- 3.2 Redes vir die rigting van riviervloei vereis meer aandag. Te veel leerders skryf nog van hoog na laag.
- 3.4 Leerders het erosie probeer verduidelik as droogtes, droë lope, ens. Leerders moet bewyse van die kaart aanhaal.
- 3.5 Leerders moet sleutelwoorde kan identifiseer in vrae, bv. *mesa*, wat dan lei na die korrekte antwoord.

**VRAAG 4**

- 4.1.1 Te veel leerders het 'mynbou' geantwoord. Hulle moet kaartsimbole beter ken.
- 4.1.2 Leerders moet kan verwys na omgewinsimpakte en nie nog omgewingsprobleme nie (weer eens moet konsepte beklemtoon word)

- 4.1.3 Let op na sleutelwoorde bv. *herstel*
- 4.2 Leerders moet kan verstaan wat fisiese faktore is en moet weer die kaart bestudeer vir die tipe vrae.
- 4.3 Leerders moet die redes vertaan vir ligging van verskillende sones in 'n stad. Baie leerders noem weg van stad i.p.v. weg van SSK en redes hoekom.
- 4.4 Sommige leerders het gesukkel met die konsep *historiese dorp* en kon nie die leidrade op die kaart gee nie.
- 4.5 Weer eens moet leerders teoriekennis en terme toepas, bv *groengordel*
- 4.6 Oor die algemeen goed beantwoord. Maart let op nie buite stad nie, maar buite SSK weens besoedeling. Leerders moet in volsinne kan beantwoord en redes kan gee vir hul antwoorde.